Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig

Sondag, 15 November 2026

Hou moed, getroue getuies, hou moed!

"Wanneer hulle hul getuienis klaar gelewer het, sal die dier wat uit die onpeilbare diepte verrys, teen hulle oorlog maak en die oorhand oor hulle kry, en hulle doodmaak. Dan sal hulle lyke langs die hoofstraat van die groot stad lê, daardie stad… waar ook hulle Here gekruisig is… Maar ná drie en 'n half dae het die lewegewende asem van God in hulle ingegaan. En hulle het op hulle voete gekom, terwyl diegene wat hulle gesien het, deur groot vrees oorval is. Toe het hulle 'n harde stem uit die hemel hoor sê: 'Kom op hierheen!' En hulle het in 'n wolk na die hemel opgevaar…"
(Openbaring 11:7-12)

In sy groot kommentaar oor die boek Openbaring, skryf wyle prof Jan du Rand in die jaar 2007 in 'n opskrif by hierdie hoofstuk, Openbaring 11: "dié hoofstuk vir die kerk van vandag".

Vandag, … soos Johannes daar van die eiland Patmos af ook dié briefboek stuur na daardie Christengemeentes aan die einde van die eerste eeu: Hou moed! Want dit wás 'n tyd van ontwrigting in die natuur en volkerewêreld; Jerusalem – "die heilige stad", "die groot stad" (verse 2 en 8) – en die tempel daar, lê ná die jaar 70 n.C. in puin; haar inwoners verjaagd. Wat nog méér ontstellend is, verwarrend: Sy lesers sou selfs nie heeltemal seker wees watter stad Johannes bedoel nie, want dit is terselfdertyd ook *"daardie stad wat, figuurlik gesproke, Sodom en Egipte, genoem word"* (vers 8). Heilig én onheilig, by wyse van spreke; eens toevlugsoord vir gelowiges, nou plek van vervolging – daar "waar ook hulle Here gekruisig is" (vers8b)!

Dít is die konteks waarin Johannes se lesers hul briefboek kry; dít is ons leefwêreld as kerk vandag. En vandaar kom die bemoediging; daar is vier waarhede oor ons tyd, ons wêreld en onsself, waarvan ons seker kan wees: Die kerk, ons, is God s'n en daarom uiteindelik veilig, al word als wat heilig is, "vertrap" (vers 1-2); ons is geroep om soos ons voorgangers, getroue getuies te wees van die heilsaamheid en lig van Gods Woord (vers 3-6); dié boodskap sál weerstand, haat, belediging, dreiging en lyding tot gevolg hê (verse 7-10); maar die waarheid daarvan is soos lewegewende asem; dít sal seëvier omdat die heerskappy aan Christus alleen behoort (verse 11-15)! Daarom, hou moed, hou moed, hou aan…

JL.

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal deur ds. Janke Hurter en met begeleiding deur dr. Matildie Wium; en die Nagmaalsdiens by Siësta gelei deur ds. Kobie Breedt en Tannie Magdaleen Venter.
Welkom aan besoekers en aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Hierna volg die liturgie vir die diens; by die deure is daar 'n Liedboek of Bybel beskikbaar – neem gerus een en deel in ons lof en aanbidding.

LITURGIE

Verwelkoming

Wydingslied: "Heilig, heilig heilig" (Lied 172, x2)

Aansteek van wydingskers, en oomblik vir bewuswording en stilgebed

Votum en seëngroet

Loflied: "God is my redder en my lig" (Psalm 27:1, 3 en 6)

Herinnering aan die Wil van God...

Verootmoediging: "God is liefde, juig ons harte" (Lied 334:1 en 2)

Genadeverkondiging

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Dank- en toewydingslied: "Deur sy Gees, die wondergawe" (Lied 334:2 en 3)

Gebed

Gebedslied: "Spreek Heer" (Lied 254, x 2)

Skriflesing: Openbaring 11:1-15

Woordbediening

Dankgebed

Offergawe van liefde en dank

Uitnodiging en uitsending

Slotlied: "Om ons bly die skepping sug" (Lied 593:1, 2 en 3)

Seënbede en Amen

Orrelnaspel

Jy is welkom om te bly sit en na die orrelnaspel te luister, tyd vir 'n nagedagte en dank.

Ander Eredienste:

Sondag, 15 Nov.	15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).
	18:00 – Ds. Jan Lubbe (Afsluiting van Senior Kategese).
Donderdag, 19 Nov.	11:00 – Biduur by Siësta: Ds. Janke Hurter.
Sondag, 22 Nov.	09:30 – Ds. Jan Lubbe (**Kerssangdiens**). Geen aanddiens.
	15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).
Sondag, 29 Nov.	09:30 – Ds. Jan Lubbe (Dankie-sê & Kerkraadsbevestiging).
	18:00 – Ds. Jan Lubbe (Taizé en Jaarwyding).

Ons kategese sluit vandag af vir die jaar 2026 –
Baie dankie aan ons kinders, kategete en ouers vir dié saamreis, saamleer, saamgroei. Indien jy volgende jaar met kategese en ons kinderleiding wil kom help, kontak gerus die leraars en ons sal jou graag in die span betrek.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

15 Nov. Elsabe de Jager, Charles du Preez en Schalk Swart.
16 Nov. Lisa Bloem, Helena Buys, Michelle Coetzer, Valken de Villiers, Nicolaas J van Rensburg, Daniël en Gustav Schulenburg, Arno Theunissen en Soveij v/d Schyff.
17 Nov. Natie Hoffman, Hanna-Mari Hoffman, Karin Jacobs en Eduard Loots.
18 Nov. Riekie Barnard, Boon Boonzaaier, Fienie Buchner, Tashalene Fourie, Inge Venter.
19 Nov. Marietjie de Wet, Louis Oberholzer, Dawie Roos en Elsie Schoombie.
20 Nov. Jan Davel, Dawie Kleynhans, Corrie Marais en Rachel Smal.
21 Nov. Ernest Pienaar en Elize Swiegers.

Ons dink in gebed aan al ons kinders en studente wat besig is met eksamens, in besonder die Matriekklas van 2026 – dit is die laaste weke; sterkte aan almal!

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (Ladysmithstr. 16, wyk 5); Tannie Lettie Kok (Doringlaan 2, Noorderbloem, wyk 17); Marie Dippenaar (Thompsonstr. 5b, wyk 14); Adrie Hechter (Athloneweg 14, wyk 14); Louis Kruger (Strydfontein, wyk 13); Twanette Koekemoer (Genl. Conroystr. 44, wyk 9b) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Verder het Barry Poggenpoel laat weet dat Ralie nog behandeling ontvang, maar dit gaan bietjie beter; hulle woon nou in Bloubergstrand. Ons dink aan almal wat ‘n siek of verswakte familielid ondersteun; mag jul die nodige krag ontvang, en die nabyheid van die Here beleef.

Ons meelewing gaan aan Johan Pretorius, ook ‘n oudlidmaat van Berg-en-Dal en wat jare al in Keimond woon; sy eggenote Mirrie is onlangs ná ‘n kort siekbed oorlede. Mag daar ook vir hulle as familie troos wees.

Ds Johan Marais is met langverlof; hy en hulle as gesin bly in ons gebede.

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362) wat tans ons pastorale werk koördineer, of maak ‘n afspraak met een van ons leraars vir ‘n tuisbesoek of ‘n gesprek hier by die kerk.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES
Sondagoggende (08:30) bid ‘n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
“Nuutgemaak! Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld” (uit die Lukas-evangelie): Ds. Jan Lubbe lei beide byeenkomste hierdie week, Woensdagaand 19:00 en Donderdagoggend 09:00 in Konsistorie (kontaknommer: 082-784-9362).

KERKRAADSAKE

Kerkraadsverkiesing:
Die volgende lidmate is op 8 November as kerkraadslede verkies/herkies:

Ouderlinge:
Herkies: Marius Swart (Erediensbediening), Jaco van Niekerk (Getuienisbediening), Frikkie Badenhorst (Jeugbediening), Seef Hefer (Komitee vir Diensverhoudinge), Louis Oberholzer (Wyk 5), Karen Klindt (Wyk 3), Schalk Wentzel (Wyk 12), Louis Kruger (Wyk 13) en Matildie Wium (Wyk 16).
Verkies: Elsa Pienaar (Komitee vir Geldsake), Auret Strauss (Komitee vir Eiendomme), Alna de Villiers, Lizeth Kruger, Ina van der Schyff en Martie van Zyl.

Diakens:
Herkies: Riaan Kymdell (Wyk 12), Mathilda Henning (Wyk 10), Elmaré Retief (Wyk 15), Lindi Botes (Wyk 16), Johan Vorster (Wyk 18), Jacques Potgieter (Wyk 19) en Pieter le Roux (Wyk 20).
Verkies: Lidia du Plessis, Lucas Erasmus, Ulie Grobbelaar, Carli Klindt, Mareli Oberholzer, Pieter Potgieter, Marius Maritz en Phil van Rooyen.
NB Alle Kerkraadslede: Die huidige termyn eindig op 29/11; ons neem daardie oggend 'n foto van die hele kerkraad (oud en nuut), en 'n middagete saam – wees asb. teenwoordig.

Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:
In November sorg **Wyke 4** en **5** (westelike hange van Grant's Hill, agter die kerk om) vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy hiermee wil help, kontak die kerkkantoor (073 180 3193).

BEDIENINGE

GETUIENISBEDIENING (Woord én brood)
Gemeentemark: Hartlike dank vir almal se ondersteuning; 30/10 se Gemeentemark het R6 000 vir ons barmhartigheidsfonds ingesamel; die laaste mark is Vrydag, 27 November. Dieselfde Vrydagmiddag is daar ook 'n meubelmark by Siësta – kom ondersteun ook daar…

Siësta Brose Bejaardesorg: Soos in die verlede wil ons weer vir Kersfees aan elk van die inwoners by Siësta 'n geskenkpakkie gee met persoonlike versorgingsmiddele (sepie, sjampoe, tandepasta, handeroom ens.) – bring bydraes asb na die Kerkkantoor vóór 27/11.

EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die erediensskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie Sondag – vanoggend, 15 November: **Gevangenisdiens.** U kan 'n dankoffer via eft of SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**

Van môre af begin daar 'n groot instandhoudingsprojek by Berg-en-Dal: Ons noordelike vensterfront word opgeknap, los vensters herstel, verfwerk gedoen, die voordeur gerestoureer. Dit gaan ook 'n tweede projek insluit, nl. 'n veiligheidsheining aan die westekant van die kerk. Ons vra almal se versigtigheid en geduld in die volgende weke.